

Les 18: Prediker

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Die boek Prediker

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Spookasem

Lesinhoud – vra eers vir getuienis oor wat die Here laasweek in jou lewe gedoen het

Wie was die skrywer: Meeste aanvaar dat dit Salomo was.

Wat was die doel van die boek: Om die toekomstige geslagte te waarsku dat alles buiten God waardeloos is.

Betekenis van die naam Prediker: “Onderwyser” of “Dominee.”

Waar speel dit af: Waarskynlik tydens Salomo se laaste deel van sy lewe in Israel.

Belangrikste karakters: Die skrywer (Salomo?) kyk terug oor sy eie lewe.

Ons is nie doodseker wie die boek Prediker geskryf het nie, hoewel die meeste mense aanvaar dat dit Salomo was. Salomo was hier reeds aan die einde van sy lewe en taamlik teleurgesteld in ‘n klomp goed! Die woord “prediker” beteken “onderwyser of dominee.” Die skrywer van hierdie boek kyk terug op sy lewe, en dis ‘n lewe wat nie altyd na aan die Here was nie, en hy waarsku die nuwe geslag dat hulle moet weet alles buiten God is nutteloos en sinneloos. Dit is amper asof die skrywer die voor en die nadele van die lewe teen mekaar opweeg in ‘n debat. Die woord “tydelik” word 38 keer in hierdie boek gebruik terwyl die skrywer probeer uikom by dit wat nié tydelik is nie, maar ewigheidswaarde het. Die skrywer kyk onder ander na:

- Hoogtepunte in ons aardse lewens (‘achievements’)
- Wysheid
- Tydelike en ewige waardes
- Verhoudings en
- Rykdom

Die Prediker skrywer kom tot die slotsom dat:

- slegte tye kan wel goeie dinge tot gevolg hê (6: 10 – 7: 14)
- Om regverdig te wees en wys op te tree verseker nie altyd wêreldse sukses nie (7: 15 – 29)
- Dat ons gehoorsaam moet wees aan die regering al is dit soms onregverdig (8: 1 – 17)

- Almal van ons gaan dood, maak daarom gebruik van al jou geleenthede (9: 1 – 10)
- Omarm wyse optrede en verfoei uitspattigheid (9: 11 – 10: 20)
- Geniet die lewe voluit maar hê respek vir God (11: 1 – 12: 7)

In Prediker benadruk die skrywer dat God graag aan ons gee of uitdeel. Hy gee harde werk en die genietinge van die lewe, wysheid en kennis, rydom en erkenning en ons daaglikse gespaarde lewens! In Prediker lees ons van 'n verskeidenheid aktiwiteite waaraan die skrywer deel geneem het ten einde geluk te probeer vind. God se werke en optrede is vir ons klein menslike breintjies onverstaanbaar. Aanvaar jou Goddelike lot al is dit moeilik en die toekoms onbekend, maar omarm ook die gunste en gawes wat God aan jou skenk.

Odos boekie

Gaan na ons Odos boekrak. Kyk of jy “Prediker” op die rugkant van ons vierde poëtiese boek van die Ou Testament kry.

Gaan na les 18 en vul in:

Prediker laat ons op die oog af dink dit is geskryf deur 'n baie depressiewe persoon wat sommer moeilik is oor die lewe. Die naam Prediker beteken dominee of onderwyser. Die skrywer kyk terug op sy lewe en waarsku mense dat alles buiten God op niks uitloop en sinneloos is.

Sien jy Jesus raak in die Ou Testament?

Die Prediker boek benadruk dat alles wat in hierdie lewe gebeur, met ons gebeur op God se tyd. Menslike wysheid en op jou eie gaan jy definitief teleurgestel word. Die Nuwe Testament herinner ons daaraan dat Christus ons wysheid is en dat ons niks meer nodig het as Jesus nie. Deur Jesus leer ons “hoekom” ons leef, maar ook “hoe” ons moet leef. Niks het sonder Jesus enige betekenis nie, maar SAAM met Christus het alles betekenis. Vir baie mense is Prediker hierdie depressiewe boek maar eintlik is dit glad nie die boodskap wat Prediker wil oordra nie. Prediker wil sê dat sonder die Here jou lewe eintlik niks beteken nie. Dit is soos 'n sandkasteel waaraan jy ure bou en werskaf net om te sien hoe die gety dit wegspoel en daar niks oorbly nie. Of soos om Monopoly te speel en al die huise en hotelle te besit en aan die einde van die speletjie word alles net weer weggepak in die boks. Dit beteken niks nie- dis nie eg nie. Net in Jesus het ons lewens enige betekenis en sal dit altyd staande bly. Andersins is dit absoluut waardeloos – 'n gejaag na wind.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, as ek sing, of sport doen of hard studeer om goeie punte te behaal wil ek dit doen ter ere van U naam. Ek wil nie my eie sandkastele bou nie, maar met my lewe en talente bou aan U koningkryk. U het my die vermoëns gegee sodat ek U daarmee kan eer en nie myself nie. Help my Jesus om alles wat ek doen ter ere van U naam te doen. Ons wil nie agter wind aanjaag nie Here! Ons wil die wyheid hê om nederig en vol eerbied voor U te lewe. Skenk ons asseblief die onderskeidingsvermoë tussen dit wat waarde het en dit wat wind is.

Amen

Idees vir VET pret

Ons eet spookasem. Ons gaan elkeen 'n stukkie op ons tonge sit en kyk hoe dit sommer net wegsmelt. Dit lyk na baie, maar dit is eintlik niks. Ons lewens kan soos mis voor die son van ons weggeneem word. Maak die beste van jou lewe en vertrou 100% op God.

Slim vingers

Speel 'n speletjie en kyk wie kan eerste die week se Bybelboek in hulle Bybels kry. Merk die plek met 'n boekmerk vir die week se stiltetyd by die huis.

Vers vir die week

Kom ons soek hierdie versie in die Bybel op.

Prediker 12: 13

“Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam Sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word.”

My stiltetyd lekker kry

Vra vir oupa en ouma as hulle terugkyk op hulle lewe, wat was waardevol en wat was nutteloos? Watse raad sou jy aan jonger kinders oor die lewe kon gee? Lees die boek Prediker en dink sommer aan so 5 goed wat jy vir iemand sou noem wat by jou aanklop vir raad.